HOËRSKOOL VRYHEID GEDRAGSKODE:

1 WOORDELYS VAN TERME:

Die onderstaande terme het die volgende toepassing, tensy andersins vermeld.

- "die Grondwet" - Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Wet no. 108 van 1996
- "die Wet" - Die Suid-Afrikaanse Skole Wet, Wet no 84 van 1996.
- "die Hoof, Senior Adjunk, Adjunk, Hoof van Departement en lid van die personeel" - posisies beklee deur aangewese persone wat deel is van die onderwyspersoneel van Hoërskool Vryheid.
- "die Beheerliggaam" - die Beheerliggaam van Hoërskool Vryheid.
- "die Sekretaris" - die Sekretaris van Onderwys en Kultuur in KwaZulu-Natal.
- "die Minister" - die Minister van Onderwys en Kultuur in KwaZulu-Natal.

2 WETLIKE BEGRONDING

Die bedoeling van hierdie gedragskode is om binne die bepalings van hoofstuk 2 (Menseregte) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Wet no 108 van 1996 en dié van die Suid-Afrikaanse Skole Wet no 84 van 1996 te geld en nie volgens regsmening in konflik daarmee nie. Dit is bedoel om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolproses te verseker. Dit erken die reg van elke leerder om basiese onderwys te ontvang, maar bevestig ook die verantwoordelikheid van leerders om elke bepaling van hierdie gedragskode (Afdeling 8(4) van die Suid-Afrikaanse Skole Wet no 84 van 1996) na te kom. Hierdie gedragskode bevat bepalings van 'n behoorlike regsproses om die belange van die leerder en enige party wat by dissiplinêre handelinge betrokke is, te beskerm.

3 VISIE:

Die vorming van goed gebalanseerde leerders as landsburgers wat die diversiteit van die samelewing omhels.

4 MISSIE:

Die skep van 'n omgewing wat uitnemendheid en groei bevorder met Opvoeders, Ouers en Infrastruktuur as vertrekpunt.

5 DIE LEUSE VAN HOËRSKOOL VRYHEID

Die veronderstelling is dat elke leerder dit as 'n voorreg en 'n eer beskou om 'n deel van hierdie skool te wees. Dat hulle die skoolreëls ten volle goedkeur en ondersteun en die nodigheid insien om sulke maatreëls te hê, om die goeie orde in die skool te handhaaf. Almal sal die reëls gehoorsaam sodat die omstandighede bestaan waarin almal geleentheid het om elke aspek van sy Godgegewe talente te ontwikkel. TENAX PROPOSITI VINCO, Oorwining deur volharding.

6 OUERBETROKKENHEID

Dit is volgens die Skolewet 'n misdryf indien enige persoon, dit wil sê ook 'n ouer, 'n leerder van 'n skool verbied, of op enige wyse doelbewus verhinder, om 'n reël van die skool na te kom. Voordat ouers dus hul kinders by hierdie skool inskryf, moet vooraf eers 'n deeglike studie van hierdie gedragskode gemaak word. Deur die "Aansoek om Toelatingsvorm" te onderteken, verklaar die ouer dat die leerder die skoolreëls in geheel aanvaar. Eers wanneer die skoolhoof bogenoemde "Aansoek om Toelatingsvorm" onderteken, is die kind amptelik as leerder van die skool aanvaar.

Die amptelike skooluniform en algemene voorkomsreëls van die Hoërskool Vryheid het oor die jare heen ontwikkel tot wat dit vandag is. Enige verandering, toevoeging of weglating van hierdie voorgeskrewe skooldrag, kan slegs tydens 'n algemene jaarvergadering van ouers plaasvind. Skriftelike kennisgewing van die vergadering, asook die voorgestelde verandering moet ten minste 30 (dertig) dae voordat dit plaasvind via die leerders aan ouers gestuur word. Ten minste 10% van die totale ouertal moet die verandering deur die Beheerliggaam aanvra en die voorgestelde verandering kan slegs met 'n tweederde meerderheid van die aanwesige ouers tydens die vergadering plaasvind.

Die amptelike skooldrag en bepalings ten opsigte van die algemene voorkoms van leerders, het allesoorkoepelend onder andere die netheid en eenvormigheid van die leerders en hul identifiseerbaarheid met die skool ten doel. Daarom mag geen leerder enige juweliersware, versiersel, wapen, teken, simbool, slagspreuk of enige byvoegsel van watter aard saam met die amptelike skooldrag of sigbaar aan die persoon dra, om uitdrukking aan individualiteit te gee nie. Slegs die amptelike wapen of teken wat deur die skoolhoof aan leerders oorhandig word, byvoorbeeld die leier- koshuisleier-, VRL, top10-wapen of kleuretoekennings vir prestasie ensovoorts, mag as deel van en slegs saam met amptelike skooldrag gedra word. Dit is die ouer se plig en verantwoordelikheid om soggens wanneer die kind na die skool vertrek, toe te sien dat aan die skooldragreëls van die gedragskode voldoen word. Indien hierdie reëls oortree word, sal die voorwerp(e) gekonfiskeer en eers met die aanbreek van die volgende skoolvakansie weer aan die wettige eienaar oorhandig word. By herhaling sal dit gekonfiskeer en aan die einde van die skooljaar terugbesorg word.

Hierdie is 'n skool met 'n ryke tradisie waaraan toegewyde persone oor jare gebou het. Die Beheerliggaam kan dus nie toelaat dat enkelinge wat hierteenoor koud staan, dit afkraak of die skool se goeie naam deur die modder sleep nie. Daarom geld toepaslike reëls wat veral met persoonlike optrede te doen het, nie net vir leerders op die skoolterrein nie, maar ook daar buite. Die beeld van die skool hou nie by die skoolhek op nie, maar word tot in die verste uithoek van die gemeenskap uitgedra. Leerders deel hierdie verantwoordelikheid omdat hulle met die skool identifiseerbaar is hetsy by wyse van skooldrag of andersins. Daarom moet hulle altyd toon dat hulle welopgevoed is en te alle tye ordelik, sindelik, vriendelik, bedagsaam en eerlik optree.

7 OUERVERANTWOORDELIKHEID

Ouers sal verseker dat:

* hulle kinders elke skooldag skool bywoon en stiptelik is
* hulle aktief betrokke is in die akademiese vordering van hulle kind
* die reg van die kind om te leer toegepas word
* hulle kinders die reëls en gedragskode van die skool navolg
* hulle kinders gesond, skoon en netjies is
* hulle die skoolowerheid in kennis sal stel aangaande enige probleem rakende hul kinders
* hulle kinders nie skeltaal sal besig of ongewensde gedrag openbaar nie
* hulle rapporte, huiswerk en opdragte met die kinders sal bespreek
* hulle die kinders met die basiese benodigdhede sal voorsien vir skoolwerk en huiswerk
* hulle kinders aktief betrokke sal wees by die skool se aktiwiteite
* hulle skoolfonds, soos bepaal deur die meerderheid van ouers wat die ouervergadering bywoon, sal betaal (soos uiteengesit in die wetgewing op "Vrystelling van ouers tot betaling van skoolfonds regulasies")
* hulle die skool sal voorsien van die kind se oorspronklike geboortesertifikaat, vorige rapporte en verblyfpermitte (indien nie Suid-Afrikaanse burgers nie) sou die skool hierdie inligting verlang: en
* hulle die reg besit om deel te neem aan die demokratiese beheer van skole soos voorsiening gemaak in die skolewet.

8 DIE REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN LEERDERS

Ek het 'n reg	Dit is my verantwoordelikheid
Om in 'n beheerde en gestruktureerde akademiese omgewing onderwys te ontvang.	Om die geleentheid vir ander te skep om sonder steuring te werk en volle aandag te skenk.

Om deur ander lede van die skoolgemeenskap gerespekteer te word, ongeag persoonlike, godsdienstige of kulturele verskille.	Om die individualiteit, oortuigings en gelowe van ander te respekteer.
Op vryheid van spraak en om my opinie op 'n volwasse, taktvolle en gepaste wyse te lug.	Om na die opinies van ander te luister en dit te respekteer.
Om met billikheid behandel te word.	Om ander op 'n billike en regverdige wyse te behandel.
Op die veiligheid van my persoon en my besittings.	Om eerlike gedrag en die veiligheid van die skool te handhaaf.
Om gebruik te maak van beskikbare skoolgeriewe en -eiendom tydens skoolure.	Om hierdie geriewe en eiendom te respekteer en in stand te hou.
Op die ondersteuning van die skool in my deelname aan kulturele, sport- of akademiese aktiwiteite.	Om 'n skoolgees te skep en te handhaaf deur aan kulturele, sport- en akademiese aktiwiteite deel te neem en dit te ondersteun.
Om waar moontlik en wanneer gepas, betrokke by en ingelig oor besluite te wees wat by die skool geneem word deur die skool.	Om die besluite wat geneem word te respekteer en om op volwasse en sensitiewe wyse daarteenoor op te tree.
Om in 'n skoon en rommelvrye omgewing te werk.	Om 'n skoon en rommelvrye omgewing te handhaaf.
Om te vra vir hulp en advies.	Om dit op 'n geskikte tyd en toepaslike manier te vra en om self ook aan ander hulp en advies aan te bied.
Dat skoolaktiwiteite stiptelik moet begin.	Om in elke opsig van my skoollewe stiptelik te wees.
Om deel te neem aan die gemeenskapslewe.	Om die waardes van die skool te handhaaf selfs wanneer ek nie my skooluniform aan het nie.

HOËRSKOOL VRYHEID SKOOLREËLS

Hoërskool Vryheid het 'n trotse tradisie waaraan baie toegewyde ouers, personeel en leerders deur die jare gebou het. Dit is 'n eer en voorreg om aan die skool verbonde te wees en daarom moet ons ten alle tye daarna streef om in ons gemeenskaplike doel van opvoeding te slaag. Die skool se leuse, Tenax Propositi Vinco, (Oorwinning deur volharding) moet altyd met trots bejeën word. Ons doel is om lojaal te wees teenoor almal wat saam met ons deel is van Hoërskool Vryheid. In nakoming van die daargestelde

skoolreëls vind opvoeding in 'n gedissiplineerde milieu plaas en eers dan word die leerders gelei tot verantwoordelikheid, om uiteindelik hul plek in die samelewing te beklee.

1 KLEREDRAG EN VOORKOMS

Leerders sal die voorgeskrewe skooldrag met trots dra.

Provinsiale kleurbaadjies mag slegs op Vrydae gedra word.

Tydens formele skoolfunksies moet skooldrag gedra word en by sportgeleenthede word informele skooldrag verwag.

Haarstyle en natuurlike haarkleure wat pas by die skooluniform is toelaatbaar.

Dogters se haarstyle sal kort, netjies, uit die gesig wees, terwyl lang hare vasgemaak sal word. Dogters mag haarbykomstighede in swart en donkergroen dra.

Dogters se naels sal kort en netjies versorg wees en geen grimering mag gedra word nie. Seuns sal skoongeskeer wees.

Slegs polshorlosies en Medic Alert kettinkies mag gedra word.

Slegs een paar knoppie- of een paar ringetjie-oorringe aan die onderkant van die oor, mag deur dogters gedra word.

2 ALGEMENE GEDRAG EN DISSIPLINE

Volgens die landswette is die volgende streng verbode: rook (beperk in openbare plekke), alkohol- en dwelmgebruik en die besit van 'n wapen deur enige kind. Daarom mag geen leerder in die besit wees van, verbruik, handel dryf of verkoop van sigarette, alkohol, dwelms, wapens, satanistiese of pornografiese materiaal nie.

VHS het 'n selfoonbeleid wat deur alle leerders gehoorsaam moet word. Die gebruik van 'n selfoon buite die stipulasies van hierdie beleid sal tot konfiskering van die selfoon en simkaart lei.

1. Eerste oortreding: 30 skooldae met 'n boete van R 200 by die afhaal van die foon deur die leerder.
2. Tweede oortreding: 50 skooldae met 'n boete van R 200 by die afhaal van die foon deur die leerder.
3. Herhaling van hierdie oortreding sal gestraf word volgens die skool se gedragskode vir dissipline.

Die skool aanvaar nie aanspreeklikheid vir die verlies en/of skade van selfone nie.

'n Leerder se gedrag sal ten alle tye van so 'n aard wees dat dit aan algemene beskaafde standaarde voldoen en die skool se beeld nie skaad nie.
Dit impliseer die volgende:

- Respekteer gesag en ander se eiendom
- Wedersydse respek tussen leerders
- Stiptelikheid
- Beleefde optredes
- Uitvoer van billike opdragte

Die volgende gedrag word ten alle tye ten strengste afgekeur:

- Stokkiesdraai
- Die gebruik van vuil taal
- Enige optrede wat die skool, opvoeders, ouers of ander leerders in die verleentheid stel
- Kwaadwillige skending of beskadiging van departementele, skool- of privaateiendom
- Diefstal
- Enige vorm van intimidasie of fisiese aanranding

3 SKOOLTERREIN

- Hou die skoolterrein en –geboue netjies en skoon.
- Die swembad mag net onder toesig van 'n onderwyser gebruik word.
- Leerlinge se motors mag slegs by die swembad parkeer word indien parkeerplek beskikbaar is.
- Alle besoekers moet by ontvangs aanmeld.
- Klaskamers is voor skool en gedurende pouses buite perke.
- Geen gevaarlike speletjies mag op die skoolterrein gespeel word nie.

4 AFWESIGHEDE EN VERLATING VAN SKOOLTERREIN

- Indien 'n leerder afwesig is moet 'n brief op die dag van terugkoms, van ouers
  of voogde, by die registeronderwyser ingehandig word.
- Gedurende eksamen en kontroletoetse moet 'n mediese sertifikaat ingehandig word.
- Dit is 'n leerder se verantwoordelikheid om in die geval van afwesigheid alle werk, huiswerk en toetse onmiddellik in te haal.
- Leerders mag slegs die terrein verlaat in uitsonderlike gevalle, nadat toestemming van 'n departmentshoof verkry is d.m.v. 'n verlofbrief.

5 BUITE-KURRIKULÊRE GELEENTHEDE

- Leerders word aangemoedig om aan alle skoolgeleenthede en sportaktiwiteite
  op 'n gesonde en entoesiastiese wyse deel te neem.
- Tydens wedstryde moet die beslissing van die skeidsregter deur spelers en toeskouers aanvaar word.

- Goeie orde en netheid moet altyd in die busse heers.

6 WANGEDRAG

Geskrewe waarskuwings word aan die departementshoof oorhandig.

Vlak 1 (-10)
Dit is die volgende:

* Versuim om betyds in die klas te wees
* Uniform inkorrek
* Huiswerk onvolledig/nie gedoen nie.
* Versium om opdragte uit te voer
* Arrogant/Slegte maniere
* Vuil taal

Vlak 2 (-20)
Dit is die volgende:

* Herhaling van Vlak 1 wangedrag
* Oneerlikheid
* Stokkiesdraai
* Ontwrig opvoeding
* Oneerbiedig
* Gebruik selfoon in klas
* SBA nie gedoen nie/onvolledig

Vlak 3 (-50)
Dit is die volgende:

* Herhaling van Vlak 2-wangedrag
* Enige vorm van afknouery
* Dobbelary
* Ernstige ontwrigting van onderwys
* Vervalsing
* Rook of in besit wees van tabak
* Diefstal
* Oneerlikheid in SBA
* Verbale dreigemente

Vlak 4 (-80)
Dit is die volgende:

* Herhaling van Vlak 3-wangedrag
* In besit wees van 'n gevaarlike wapen/plofstowwe
* Aanranding/baklei
* Rassisties, seksisties wees of diskriminerende gedrag toon

* Verspreiding en in besit wees van aanstootlike materiaal
* In besit wees van alkohol en verdowingsmiddele
* Ontwriging van die skool

Vlak 5 (-120)
Dit is die volgende:

* Herhaling van Vlak 4-wangedrag
* Gebruik van 'n gevaarlike wapen/plofstof
* Seksuele teistering, mishandeling of verkragting
* Handel dryf met dwelms
* Inbraak en betreding

- **STRAFMAATREËLS**

Die strafstelsel van die skool is gebasseer op 'n de-meriete stelsel.

De-meriete kategorie:
(-80) Geen sosiale funksie/gebeurtenis mag bygewoon word nie.

- sokkie
- vrugtefees
- konserte
- informele verhoor (DH en Ouers)
- uitsit by een sportwedstryd

(-120)

- Geen sport
- Dissiplinêre verhoor
- Korrektiewe gedrag
- Geen matriekafskeid

MERIETE
'n Leerder kan merietepunte verdien deur verbeterde gedrag. (+10) vir elke week se verbetering.

- **LET WEL:**

Dit is nie die bedoeling om elke moontlike oortreding wat deur 'n leerder begaan kan word hier te beskryf en straf te bepaal nie. Die beleid is egter altyd om toepaslike straf aan oortredings te koppel. Bo en behalwe bogemelde reëls en gebruike begaan 'n leerder 'n oortreding deur enige handeling of versuim wat die goeie orde, goeie naam, eiendom, eer of veiligheid van leerders of personeel aantas, beskadig of benadeel of daartoe kan lei. Dit is die uitsluitlike diskresie van die skoolhoof, of 'n persoon deur hom daartoe gemagtig, om te bepaal of sodanige handeling of versuim 'n oortreding van bogemelde bepaling daarstel.

- **SLOT:**

Dit is ons gemeenskaplike doel as ouers en personeel om ons opvoedingstaak as plig teenoor God, ons naaste en ons kinders ten alle tye na te kom. Ons as leerders moet dus hierdie roeping respekteer en gesag aanvaar en gevolglik die reëls nakom. Indien die reëls oortree word, sal leerders gestraf word na gelang van die erns van die oortreding. Die finale beslissing berus in die hande van die skoolhoof, in samewerking met die Beheerliggaam van Hoërskool Vryheid, waar verlang.